



Takbok tussen pruimbome

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Terwyl ek eendag op Olijvenfontein in die veld loop, kom ek op 'n vreemde wildsbok af. Na 'n rukkie se waarneming besef ek dat die pragtige bok, met die wit boude, 'n takbok is. Waarskynlik 'n nasaat van die takbokke wat jare gelede deur mense in die Smaldeel ingevoer is.

Hy het grasieus weggehardloop, en met 'n grassie in my mond het ek hom agterna gekyk. Sy vreemdelingskap het die honde van die binneste huis op nuwe spore laat hardloop (PJ Schoeman). Ten spyte van sy grasie en spoed het hy duidelik teen die dekor van pruimbome en ankerkaroo uitgestaan. Hy het nie ingepas nie. Tyd was nog nie lank genoeg met sy soort besig om die subtiele skakerings van donkerbruin en groen sy kamoefleervriend te maak nie. Om te oorleef, moes sy paraatheid op 'n ander vlak as dié van koedoes en springbokke wees. En tog het hierdie vreemde bokke al geslagte lank in die berge van Bedford oorleef.

Ek skryf vanaand opsetlik vanuit die vliegtuig op pad na Dubai en vandaar Perth, Australië. Verskoon my dus as ek sentimenteel is. Emosioneel onnosel voorkom. Dit is tereg 'n dag van afskeid en sentiment. 'n Dag van lag en huil. My gemoed bietjie verdwaal in my lewensverhaal. 'n Aand van word en verword – en vêr word. Vanaand is ek die takbok. Die een op die groot ystervoël wat die habitat waarbinne ek versmelt het, verlaat. Op pad na 'n land waar die branders anders breek, 'n bosveldvisvanger jou nie met 'n somerse tjip-tjirrrr wakker maak nie – en die braaivleis nie na soetdoring of hardekool ruik nie. Die afwesigheid van 'n Karoo en Wildtuin hom blatant aan my sal opdring. En my geliefde taal 'n veraf eggo word.

Gedekonstrueer van my simbole, aanvaar ons tog die uitdaging. Buite die institusionele denke van die Kerk en die veiligheid van die kamoeflerende dekor is daar ander faktore wat ons laat waag. Ons geloof. Per se is Christenskap om uit die nes geskop te word. Die sonderse oomblikke in die lewe wanneer jy nié weet nie, net waag. Maar tegelykertyd diepbewus dat die arendsvlerke van Goddelike aanwesigheid en liefde ons op sy vlerke vang. Want om arend te wees, moet jy kan vlieg (vgl Deut 32: 11).

Net so getuig Paulus se lewe van iemand wat buite sy gemaksone moes oorleef. In die afwesigheid van institusionele veiligheid moes hy ook loskom van alles wat eers vir hom van waarde was. Hy skryf só mooi in Filippense 4: 11: *...ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp*. Nooit slagoffer of geviktimizeerde nie. Hy kon dit doen omdat God die Bron van sy hoop was.


Hetsy ons ry of bly, ons kan vandag maklik voel asof ons veranderende dekor ons teenwoordigheid verklap. Vanaand op hierdie vliegtuig dink ek terug aan daardie takbok in die Spekboomkamp op Olijvenfontein. Wat alhoewel hy nie ingepas het nie, aangepas het. En vanaand is daardie takbok ek en my gesin. Die tyd sal waarskynlik nie lank genoeg met my en Tania besig wees om ons teen die agtergrond van goue wattels en rooi sand te kamoefleer nie. Maar andersheid kan ook goed wees.

Ons gaan en ons groet is met dieselfde sekere wete van die vierde vers uit Gesang 478:

O Heer, skryf in ons harte dat ons dit nooit vergeet,
al pynig ons die smarte al martel ons die leed:
Die kruis van ons Verlosser sluit vergesigte oop!
In 'n verwarde wêreld bring dit weer vaste hoop!

(Ds) Willie Botha, 6 Maart 2020

Lief en leed



Die gelukkige paartjie



Di Jimmy, Janine en hul seun

- Ds André Thomas van Oos-Moot se suster, **Lorraine Sutherland**, is Vrydag 27 Maart na 'n lang stryd met kanker oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Thomas en hul familie.
- Dr Wouter van Wyk het sy dogter, **Laetitia**, op 26 Maart by die NG Kerk Tygerpoort in die huwelik bevestig met **Peter Klein**. Die troue is aanvanklik beplan vir 16 Mei, maar die familie het besluit om die geleentheid te vervroeg in die lig van die inperkings en onsekerheid as gevolg van die koronavirus. Hoewel net 'n klein groepie van die naaste familie en vriende die huweliksbevestiging kon bywoon, kon baie ander die geleentheid volg toe dit lewendig op Facebook gestroom is.
- Op Sondag 15 Maart het **ds Jimmy Manders** sy 25-jaar-ampsjubileum in Gemeente Witfontein gevier. Hy is op 19 Maart 1995 in Gemeente Wapadrant georden en bevestig. Ses maande later neem hy 'n beroep aan na Witfontein in Pretoria-Noord waar hy en sy vrou, ds Janine-Bevolo Manders, tans die predikante is. Sy boodskap tydens die geleentheid was uit Jesaja 6: 8 – *Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?* Ds Manders sê hy is dankbaar dat die Here hom vir 25 jaar in sy diens gebruik het. Tydens sy ganse bediening het hy gepoog om nie van die Here 'n karikatuur te maak nie, maar Hom te verkondig soos Hy Homself in Jesus Christus deur die Heilige Gees in sy Woord aan ons bekend gemaak het. **Op die foto** is di Jimmy, Janine en hul seun Thomas; hul dogter Timoné was afwesig.
- **Die volgende predikante verjaar tot 10 April, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 2 April: Prof AB (Ananda) Geyser-Fouché (UP) en ds (Leanie) Lemmer (beroepafwagtend/buiteland)
 - Vrydag 3 April: Ds D (David) Barnard (Magaliesmoot)
 - Saterdag 4 April: Di AS (Armandt) Botha (Groeneweide) en GS (Stephan) Botha (Groot Marico)
 - Sondag 5 April: Dr T (Tanya) van Wyk (UP/Nederlandsprekende Gemeente)
 - Maandag 6 April: Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen (emeritus)
 - Dinsdag 7 April: Di C (Corné) Lemmens (emeritus) en FJ (Frans Redelinghuys (Sasolburg)
 - Woensdag 8 April: Di M (Marius) Bacon (emeritus) en J (Joha-Lize) Uys (Hendrina)
 - Vrydag 10 April: Dr A (Annette) Potgieter (beroepafwagtend) en ds SW (Schalk) Zastron (Goudveld/Kroonstad)
- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
 - **Ecuador:** Bid asseblief vir die hersiening van die Bybel in Quicha Imbabura en vir die betrokkenheid van die mense van Ecuador by die Bybel.
 - **Chili:** Vra voorbidding vir die Chileense Kerk en gemeenskap asook vir die Bybelgenootskap daar se verskeie projekte.



Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.

Covid-19-hulplyn vir lidmate en predikante van die NHKA

Dr Frikkie Labuschagne, direkteur van die SGB, rig hierdie skrywe aan ons lesers.

Ons verkeer almal in isolasie! Die isolasie gebeur tans op fisiese, sosiale sowel as emosionele en geestelike vlak. Emosionele ontwrigting en ander vorme van trauma skep 'n volgende vlak van isolasie. Die beginsel van isolasie-in-isolasie maak dit vir mense moeilik om met hul omstandighede te oorleef. Ons het nog nooit voorheen so iets beleef nie en daarom is ons antwoorde op en uitkomst rakende hierdie uitdagings beperk. Gesinne is in baie klein spasies saam waar druk en spanning na alle waarskynlikheid in die volgende weke gaan toeneem. Kom ons praat...



Hoe kan die Sentrum vir Gemeentelike Bediening u in hierdie grendelperiode ondersteun?

Almal is reeds en word toenemend bewus van die individuele en kollektiewe ervarings van frustrasie, ongemak, isolasie en weerstand wat die konteks teweeg gebring het. Hierdie ervarings mag moontlik intensiever oor die volgende paar weke. Die SGB vat hande met 'n gemeenskap van sielkundiges, beraders, begeleiers en terapeute wat bereid is om hierdie dienste *pro bono* en teen verlaagde tariewe beskikbaar te stel aan ons geloofsgemeenskap. Hierdie dienste is beskikbaar vir diegene wat nie toegang het tot mediese fondse nie en wat moontlik nie normale tariewe vir dié tipe dienste kan bybring nie. Gespesialiseerde psigiatriese en sielkundige ingrepe word hiervan uitgesluit. U kan een van die volgende persone kontak wat u sal help om met die regte terapeut/berader kontak te maak:

Prof Theuns Dreyer: 083 660 6486 / proftheuns@gmail.com

Mev Elna Esterhuizen: 079 878 6041 / elna@esterhuizenconsulting.co.za

Dr Frikkie Labuschagne: 082 873 6557 / frikkie@nhk.co.za


Zoom en telefoniese berading is beskikbaar deur hierdie beradingsnetwerk. Individuele beradingsessies en groepondersteunings sal ook beskikbaar wees. Elna sal die versoeke verwerk en kanaliseer na die netwerk van beraders. Uiterste vertroulikheid sal gehandhaaf word, onderskryf deur die etiese beginsels van die onderskeie beradingsliggame en rade.

Die hulpdiens het ten doel om die impak van die Covid-19-omstandighede op die lewens van lidmate en geloofsgemeenskappe te verminder. Ons wil graag bydra daartoe dat die *Lock-in-Faith* periode onthou sal word as 'n periode waar die geloofsgemeenskap op spirituele, psigo-, sosiale en emosionele vlakke ondersteun is, en gegroei en verdiep het.

Indien daar binne die werkruimte van die NHKA nog hulp beskikbaar is, word u vriendelik versoek om vir Elna te kontak: elna@esterhuizenconsulting.co.za.

Kom ons praat...

Gemeentes en bediening



Prop Waldo Pretorius



Ds Hendrik Odendaal



Dr Johan Nel

- **Prop PW (Waldo) Pretorius** (beroepafwagend) het die beroep na die Kuruman-kombinasie aanvaar.
- Die Kommissie van die AKV het die aansoeke van **di L (Leanie) Lemmer en JW (Janine) Truter** om beroepafwagende predikante van die Kerk te bly, goedgekeur.
- **Di GJ (Gert) van Staden en R (Rika) van Staden** se versoeke om van lewenstaat te verander, is met onmiddellike effek bekragtig. Die Kommissie van die AKV waardeer hul goeie gesindheid om steeds as lidmate aktief betrokke te bly in die NHKA.
- Die Kommissie van die AKV versoek kerkrade om verantwoordelikheid te aanvaar vir die versorging van **emerituspredikante en -dosente**, en om hulle waar nodig en moontlik by te staan. Ringskommissies word versoek om al die emeriti in die ring gereeld te besoek. Waar daar nood is, kan kerkrade dit onder die aandag van die Kommissie van die AKV bring.
- **Ds PWB (Pierre) Britz** se verandering van lewenstaat is met onmiddellike effek bekragtig. Hy en sy vrou, Sunette, het ook hul lidmaatskap van die NHKA opgesê.
- **Ds HJ (Hendrik) Odendaal** van Rietvallei se aansoek om vervroegde emeritaat op 30 April 2020 is goedgekeur.
- Die Kommissie bedank **dr A (Annette) Potgieter** vir haar dienswerk in die NHKA en wens haar geluk met haar aanstelling by Hugenote Kollege. Haar losmaking van Gemeente Rustenburg-Tuine op 31 Januarie 2020 is bekragtig.
- **Dr J (Johan) Nel** word gelukkigwens met sy aanstelling by die Seminarium van die Vrystaat, en daar is waardering vir die feit dat hy steeds deelyds predikant van Gemeente Bloemfontein-Wes sal bly.
- Die Kommissie van die AKV oordeel dat dit **nie wenslik** is dat 'n **persoon wat nie predikant van die NHKA is nie of nie predikant is van 'n kerk met wie die NHKA ekumeniese bande het nie**, op gereelde basis eredienste in 'n gemeente van die NHKA lei nie. Ringskommissies word versoek om in hierdie opsig leiding aan kerkrade te gee waar gemeentes sukkel om predikante te kry wat die erediens kan lei.
- Die Kommissie van die AKV neem met dankbaarheid kennis van die donasie wat van die **Motsepe Foundation** ontvang is. Die grootste deel daarvan word aan Rata geskenk, en die res word in die trustrekening vir ekumene geplaas. Hulpversoeke van die MRCC kan ook uit hierdie trustrekening betaal word indien die Kommissie dit goedkeur.
- Die Kommissie versoek **ds GPJ (Gerhard) Stoltz** om die NHKA in die toekoms saam met **dr WC (Wouter) van Wyk** in die Motsepe Foundation se Job Creation Committee en die Advisory Board van die fonds te verteenwoordig.
- Die Kommissie van die AKV ondersteun die **Bestuurskomitee vir SENTIK** se voorneme om al die artikels en meningstukke van die Kerk se webblad outomaties op die Kerk se Facebook-blad te deel, en die kommentaar te bestuur met die hulp van 'n groep predikante.
- Die gewysigde **Kerkorde en Reglement vir toelating en opleiding as predikant** van die Kerk is goedgekeur en sal binnekort beskikbaar gestel word.
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by wilred6@gmail.com of die kerkkantoor by nhgbw@lantic.net. Meer inligting sal later volg.

Kerklike publikasies

- In **Die Christelike Vrou** se **Maart 2020-uitgawe** deel een van ons predikantsvroue, Retha Botha, met ons haar dankie-sê-verhaal van mede-gelowiges se hulp aan haar pa en familie. In nog 'n artikel vertel ons meer van die NHSV kongres se gaskunstenaar, Mathys Roets. Ds Hannelie Botha deel met ons die pret van oefen in die natuur, en die tema van die NHSV se Nasionale Kongres word verder toegelig. Volg die skakel: <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

- Lees in **Die Hervormer** van April 2020

- Konsolidasie van gemeentes – wen of verloor?
- 'n Bybelse tydlyn: Skepping tot Saul
- As al die kerke afbrand...

Lees *Die Hervormer* volledig by <http://nhka.org/die-hervormer/>

(Gemeentes se hardekopie-eksemplare sal saam met die Mei 2020-uitgawe gekoerier word.)



- **TOIBO** (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys) se **2019/20-jaarverslag** is nou beskikbaar. Lees dit in pdf-formaat by hierdie skakel: <https://toibo.org.za/jaarverslag-annual-report-2019-20/?lang=afr>.

'n Gedig

Ekstrospeksie

die man op die maan ken
die man in die wit huis ken
die Mongoolse toeris se ouma van Praag ken
die seun van Carnarvon in Wallis wat ou foto's na museums in Ysland pos, ken
die kroegman van Brandvlei ken
jou ou skoolhoof ken
jou broer se vrou se baas ken
die hand wat 'n sirkel om ons heelal trek, ken
Kurt Gödel se aksiomas nie van gister af nie –
nou sit ons hier en dink aan mekaar en wonder:

hoe lyk dit buite?

Christo van der Westhuizen

(Uit: *Chrisalis*, 2019)

Barmhartigheid

- Die **Algemene Diakensvergadering** bestaan uit diakens uit ons gemeentes, daarom geld die beginsel dat die ADV deur ons gemeentes wil werk. Hulp is beskikbaar vanuit die **ADV Rampfonds** vir diakens om hulp te verleen op grondvlak. Stuur asseblief 'n e-pos met u versoek na diens@diakens.co.za. Sodanige versoek moet via die ringskommissie gedoen word. Die beginsel geld altyd dat waar 'n gemeente hulp nodig het, die versoek eerstens na die ringskommissie gestuur word. Indien die ring nie kan help nie, sal die ADV hulp verleen. 'n Bevestigende skrywe vanaf die ringskommissie sal die ADV help om die aansoek vinniger te oorweeg.

Gemeentes, individue en besighede wat 'n **bydrae** wil maak **tot die ADV Rampfonds** kan hul bydraes by die Raad van Finansies inbetaal met verwysing 16RAMP + gemeentenaam. Wanneer belastingvrystelling (Art 18A) verlang word, moet dit in Plesion NPC se rekening inbetaal word. Kontak ds Gerhard Stoltz by gerhard@diakens.co.za vir die nodige inligting.

- **Prof Bieks Beukes skryf soos volg:** “Die koronavirus vra baie hoë insette. Ons bejaardes is die kwesbaarste, veral dié in versorgingsoorde. Ek en my vrou, Monica, is inwoners van Emily Hobhouse-tehuis vir bejaardes, een van ons Kerk se versorgingsoorde. Dink u in: 170 bejaardes, die meeste bo 80, nie te gesond nie, sonder eie vervoer, moet elke dag in die kamer gedurende hierdie tyd kos kry, moet geen kontak met mekaar maak nie, geen besoeke ontvang nie, moet medikasie kry en emosioneel ondersteun word. Ons het baie groot waardering vir adv Jaco Bothma en die direksie, die huisbestuur en veral die bestuurder, mev Gellie Geldenhuys, vir die onbaatsugtige, uiters professionele en effektiewe wyse waarop hulle veral in hierdie tyd alles hier behartig. Ons voel veilig en geborge.”
- **Vakature: Bestuurder Ons Tuis NWO.** Die direksie van Ons Tuis nooi hiermee toepaslik gekwalifiseerde en ervare persone om aansoek te doen vir die pos van **Bestuurder van Ons Tuis: Machteld Postmus**, 'n selfversorgingsfasiliteit vir afgetrede persone, in Brooklyn, Pretoria. Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende beskik:

Vaardighede: Sterk leierseienskappe; goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede en uitstaande menseverhoudinge; goeie organisatoriese, tydsbeplannings- en oordeelsvermoë; uitnemende administratiewe vaardighede; innoverende bestuursvaardighede; ten volle tweetalig in Afrikaans en Engels (geskrewe en gesproke).

Verantwoordelikhede: Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir onder andere die effektiewe en verantwoordbare bestuur van die fasiliteit; doeltreffende implementering en instandhouding van verouderingsbestuur; identifisering, aktivering en bestuur van deurlopende fondinsamelingsprojekte; en hantering van dag-tot-dag-bestuur van die fasiliteit, wat insluit algemene administrasie, personeelbestuur, finansiële bestuur, instandhoudingsbestuur en rapportering aan die besturende direkteur van Ons Tuis.

Ondervinding: Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende ondervinding beskik: Toepaslike bestuursondervinding (minimum van 5 jaar); rekenaarvaardigheid (MS Excel, MS Word, PowerPoint); kennis van arbeidsverhoudinge en toepassing van relevante arbeidswetgewing; kennis van alle toepaslike wetgewing, insluitende wetgewing rakende ouer persone; en ervaring van implementering, instandhouding en verbetering van sisteme en prosedures.

Kwalifikasies: Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende kwalifikasies beskik: Graad 12; toepaslike erkende akademiese kwalifikasie(s) sal 'n aanbeveling wees; geldige bestuurslisensie.

Vergoedingspakket: Onderhandelbaar na gelang van ondervinding en kwalifikasies.

Sluitingsdatum: 8 April 2020. Indien u nie binne 30 dae na sluitingsdatum 'n antwoord ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Ons Tuis: Machteld Postmus behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos, soos geadverteer, te maak nie. Stuur u CV vir aandag mnr Gerald Janse van Rensburg na adm@otmt.org of faks 012 325 1857.

Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.

- **Beeld-Kinderfonds: Prestige Gholfdag**
Dinsdag 21 April by Steyn City
Gholfbaan ontwerp deur Jack Nicklaus
Veld is beperk tot 20 vierballe
Geleentheid om putjies te borg
Navrae en besprekings by Adrie van Staden
076 597 1282 / info@beeldkinderfonds.co.za
- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

Allegaartjie

“Op sosiale media wonder mense of hulle mag gaan draf of met hul honde gaan stap; die Protea-inwoners krap kop oor hoe hulle hulself moet afsonder – gesinne van vier en meer – in ruimtes skaars groter as 'n viermanboogtent. Daar is ook verwyte. *Dis dan ryk mense wat die virus ingebring het, mense wat geld het om oorsee te gaan. Ons het skaars geld vir kos. Nou koop hulle al die kos op, die pryse word hoër en ons armes ly.* (Artikel: *Styf in mekaar se asem*, Carla Lewis, *Beeld* 30 Maart 2020. Protea is 'n informele nedersetting aan die Oos-Rand.)

Toerusting

- **Akademie konferensie: Bybelgenootskap 200**
Donderdag 23 Julie
Ter viering van die 200-jarige bestaan van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika, sowel as 'n vooruitskouing vir die bekendstelling van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* in November 2020, organiseer die Teologiese Skool Potchefstroom in samewerking met die Fakulteit Teologie van die NWU hierdie konferensie.

Tema: *Die impak van die Bybel in ons samelewing: verlede, hede en toekoms.* **Lokaal:** Geboue van die Fakulteit Teologie en die Teologiese Skool Potchefstroom.

Subtemas

- Bybelvertaling in Suid-Afrika en/of Afrika.
- Bybelinterpretasie in die Suid-Afrikaanse konteks.
- Die impak van die Bybel in die samelewingstrukture (byvoorbeeld kuns, wetenskap, letterkunde, politiek, onderrig) en geloofsgemeenskappe.

Programinligting

- Akademie konferensie 23 Julie (R100 – sluit verversings en Donderdag se middagete in).



- Dinee 23 Julie (R110 – bespreking en betaling noodsaaklik teen 15 Julie).
- Toeligtingsessie deur die eindredaksie van die *Bybel: Direkte Vertaling* 24 Julie (R90 – sluit verversings en Vrydag se middagete in).
- Fietsrit en toeligting: Vanaf die Totiushuis na Krugerskaal 25 Julie (gratis) .

Registrasie vóór/op 15 Julie 2020 by elsabe.labuschagne@nwu.ac.za.

- **Brugbedieningskursus by UP**

Week 1: 27-30 Julie

Week 2: 9-12 November

Kursusleier: Prof Malan Nel

Koste: R2 500 (BTW ingesluit)

Plek: UP

Kursuspunte: 70

Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.

Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkopoggend**

Saterdag 18 April vanaf 10:00

120 skaapkoppe beskikbaar teen R400 per kop

Sluit in snybord en sakmes

80 gewone ontbyte teen R100 elk

Kontantkroeg beskikbaar

Gaskunstenaar

Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754

Belinda 076 626 7571

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**

Saterdag 23 Mei

Gesinspretdag en windbukskompetisie

Wen besondere mes – kaartjies R30 elk

Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem

Wenner word aangekondig op dié dag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**

Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000

Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies

Maak wins van 75% of 50%

Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie

1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid

Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag

18 Augustus by Silver Lakes

Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)

Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)

Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening Nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

'n Gebed vir hoop anderkant lyding

Heer, blote woorde oor hoop en aanmoediging en sin kan regtig platval as dinge in ons lewens nie reg is nie. As ons verteer word deur woede en weersin, word daardie woorde eintlik maar betekenisloos. Maar as ons harte reg is, waardeer ons daardie woorde, en eer ons U daarvoor.

Gee ons die genade om vir ons ontberinge opgewasse te wees. Gee ons die gewaarwording van hoop en betekenis verby ons pyn. En gee ons opnuut die versekering dat ons nie alleen is nie, dat u plan met ons nie omvergegooi is nie, al word ons lyding steeds intenser.

Help dié van ons wat nog op ons voete is om medelye te behou vir dié wat nie is nie. Gee ons 'n woord van bemoediging vir ander wat in 'n wêreld vol pyn moet leef.

Laat ons nooit vergeet nie dat elke skok op hierdie ruwe reis van die aarde na die hemel ons daaraan herinner dat ons op die regte pad is. Ons vra dit in die deernisvolle Naam van die Man van Smarte wat droefheid geken het. Amen.

Charles R Swindoll

Hope Again, 1996 (Word Publishing, VSA)